Prof Scholtan

ASPEKTE VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE INDIËRGEMEENSKAP

Mr. Muller. - Lecturer in Economics - Indian University. U.D.W.

N.d.

1. Inleiding. INDIAN: Development / Socio Economic

Die ekonomiese welvaart, of peil van stoflike behoeftebevrediging, van 'n gemeenskap word gemeet aan die geldelike verdienste van die produksiemiddele van die gemeenskap. Hierdie verdienstes word enersyds bepaal deur die beskikbare geleenthede vir die aanwending van die menslike produksiefaktore, naamlik arbeid en ondernemers-aktiwiteit, binne die raamwerk van die beskikbare natuurlike hulpbronne en kapitaal en andersyds, deur die produktiwiteit van die aangewende produksiefaktore. 'n Verhoging in die ekonomiese welvaart kan daarom bereik word, enersyds indien daar 'n uitbreiding van indiensneming van die gemiddelde produksiefaktore is en, andersyds indien verhoogde produktiwiteitstandaarde vergoed word met verhoogde monetêre verdienstes.

Dit is die doel van hierdie kort oorsig om 'n beeld te gee van die mate waarin die Indiër, as werknemer, sowel as entrepreneur, in staat was om die ekonomiese welvaart van sy gemeenskap langs dié twee weë te vergroot en om enkele van die belangrikste faktore wat hierdie poging strem, te ontleed.

2. Indiensneming.

Die Indiërs het oorspronklik na Suid-Afrika gekom om 'n oplossing aan 'n ekonomiese probleem te lewer, naamlik 'n gebrek aan voldoende ongeskoolde arbeid. Die ongeskoolde arbeiderskorps was reeds van die begin af gediversifiseer in verskillende bedryfrigtings, waaronder die landbou, mynbou en huishoudelike dienste. Ná die verstryking van hul tydperk van inboeking het die deel wat hul permanent in Natal wou vestig in nog meer rigtings versprei, en tesame met dié immigrante wat op hul eie inisiatief na Natal gekom het, ook geografies versprei oor Suid-Afrika, hoewel die grootste deel van die bevolking deurentyd hoofsaaklik langs die Natalse kusgebied bly woon het.

In 1921 was die patroon van indiensneming van Indiërs, kwantitatief gesproke, reeds feitlik identies met dié van die Blankes, van wie

32% van die ekonomies-/

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS REFERENCE LIBRARY

UNEN Special Collections Gandhi-Luthuli Documentation Centre
Accession No. DCC 1169/211
BRN
Class No

32% van die ekonomies-bedrywige bevolking in die landbou, bosbou en visserye verksaam was, 6% in die mynwese, 12% in die sekondêre nywerheid en 50% in die tersiêre bedrywe. Die snelle industriële ontwikkeling van Suid-Afrika vanaf die twintigerjare het 'n soortgelyke, hoewel nie identiese, verskuiwing in die sektorale verspreiding van al die bevolkingsgroepe teweeggebring. Die belangrikste verskille tussen die resultate van hierdie verskuiwingsproses in die geval van die Indiërs en Blankes kan kortliks genoem word.

In 1960 was die relatiewe getal Asiate in diens van die verskillende ekonomiese sektore van Suid-Afrika soos volg: landbou, bosbou en visserye 7.6%, mynwese 0.4%, sekondêre nywerheid 28.0 % (waarvan 26.2% in die fabriekswese), handel 21.8%, vervoer 3.1% dienste 17.7% en werkloos 21.4% van die ekonomies-bedrywige bevolking.

Die relatiewe getal Indiërs in die primêre bedryf - landbou, bosbou, visserye en mynwese - het sedert die twintigerjare sneller verminder as die relatiewe getal Blankes en Kleurlinge. In 1960 het slegs 8.0% van die Indiërs nog in hierdie bedryf oorgebly, teenoor 15.3% van die Blankes en 22.4% van die Kleurlinge. Die relatiewe getal Asiate in die sekondêre bedryf was egter effens groter as dié van die twee ander groepe, aangesien 28.0% van die Asiate hier werksaam was, teenoor 27.3% van die Blankes en 25.4% van die Kleurlinge. Die tersiêre bedryf en dienste was verantwoordelik vir die indiensneming van die oorblywende 64.0% van die Asiate, 56.9% van die Blankes en 52.2% van die Kleurlinge (werkloses, waarvan 'n relatief groter getal onder die Asiate as onder die ander groepe was, word hier ingesluit). In laasgenoemde bedryf was die klein- en groothandel die bedryfsektor waarin die grootste groep Asiate werksaam was, naamlik 21.9% van die groottotaal. Alhoewel nog 'n relatiewe groot deelname, het die tradisionele verskil tussen relatiewe deelname van die Asiate en die ander rasse reeds opvallend verminder. In 1936 was die handel, met 28%, nog die belangrikste enkele bedryfsektor. Vandag word die belangrikheid van die handel as indiensnemingsbron vir Indiërs aansienlik oorskry deur dié van die fabriekswese.

Ten opsigte van die/

Ten opsigte van die kwaliteit van die arbeid, is daar belangrike verskille tussen die Indiërs en die ander bevolkingsgroepe. Feitlik alle Blankes is in geskoolde beroepe. Hierteenoor is die Indiërs redelik eweredig versprei oor geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe, met nagenoeg een-derde van die werkerskorps in elke groep. In dié opsig is die Indiërs in 'n gunstiger posisie as die ander nie-Blanke groepe, aangesien die meerderheid van die Kleurlinge en Bantoe nog ongeskoolde werk verrig.

Hierdie gunstiger posisie van die Indiër word weerspieël in die hoër gemiddelde lone en salarisverdienstes van die Indiër as dié van die ander nie-Blankes waarop later teruggekom word.

3. Entrepreneursaktiwiteit.

Die tweede menslike produksiefaktor, ondernemersaktiwiteit, is ook van vroeg af by die Indiër aangetref. Indiërs, wat as Britse onderdane vry was om sonder beperking in die Britse koloniale gebiede te reis, het onmiddellik na die aankoms van die eerste ingeboekte arbeid se reeds die geleentheid gesien om handelsbetrekkinge met hul ingeboekte volksgenote en die ander inwoners van Natal aan te knoop en hulle in Natal, en weens gunstige handelsgeleenthede ook in die Transvaal, te vestig. 'n Deel van die vroeëre ingeboekte arbeiders wat in Natal agtergebly het, het ook spoedig klein handelsondernemings en boerdery-aktiwiteite begin. Sedertdien het die Indiër ook die sekondêre nywerheid betree. In die algemeen speel die Indiër reeds 'n belangrike rol as ondernemer in die landbou, handel, vervoerwese en fabriekswese. Ten opsigte van beide relatiewe getal ondernemers en hulle produktiwiteit, is die Indiërbevolkingsgroep vir die ander nie-Blanke rassegroepe ver voor; in der waarheid is die Indiërs die enigste nie-Blanke groep wat tot dusver in Suid-Afrika op eie inisiatief 'n bemullige rol as ondernemers gespeel het. Daar is tans ongeveer 3,000 boere (waarvan 1,600 suikerboere in Natal), 'n klein groep vissers en 700 ondernemers in die sekondêre nywerheid. Hierbenewens is daar in die tersiêre sektor volgens beraming 10,000 groot- en kleinhandelaars en ongeveer 300 /

en ongeveer 300 vervoerondernemers, behalwe 'n minderheid wat besigheids-, ontspannings- en ander dienste onderneem.

4. Inkomstes.

Aangesien die relatiewe welvaart van 'n gemeenskap aan sy inkomste gemeet word, is 'n verwysing na inkomstes nodig.

Vanweë 'n baie groot ongelykheid in inkomstes - wat die gevolg is van die bestaan van 'n welvarende ondernemersgroep in 'n gemeenskap waarvan die meerderheid van die lede nog half- en ongeskoolde werk doen - is dit nie van werklike betekenis om die gemiddelde inkome per capita of per gesin vir die gemeenskap as geheel te bereken nie. So bv. toon sulke syfers dat die per capita inkomste van Indiërs hoër as dié van Kleurlinge is, maar indien die posisie van die groot minderbevoorregte deel alleen nagegaan word, word die omgekeerde in baie gevalle waar.

Die welvarendheid van 'n deel van die Indiërgemeenskap blyk duidelik uit die feit dat hoewel die Kleurling-arbeidsmag meer as vier maal groter as dié van die Indiërs is, daar meer Indiërs in die hoër inkomstegroepe as Kleurlinge is. Gegewens vir 1960/61 toon byvoorbeeld dat daar in dié jaar 3,936 Indiërs (uit 'n totale werkende bevolking van 125,000) was wat 'n inkomste van R2,000 en hoër gehad het, teenoor 2,283 Kleurlinge. Daar was amper veertien maal soveel Indiërs as Kleurlinge met 'n inkomste van R4,000 en hoër, naamlik 975 Indiërs teenoor 72 Kleurlinge en 70 Indiërs wat R10,000 of 'n hoër inkomste gehad het en slegs 2 Kleurlinge.

Hierdie gegewens verwys egter na 'n klein persentasie van die arbeidsmag. Aan die ander uiterste is die groot groep wat onder of naby die broeilyn lewe, aangesien die inkomste van ongeveer 80% van die werkende bevolking minder as R600 per jaar of R50 per maand is.

Faktore wat ekonomiese ontwikkeling beïnvloed.

In die lig van die kort voorafgaande oorsig kan nou gewys word op sekere van die belangrike determinante van die ekonomiese ontwikkelingspeil van die Indiërs in Suid-Afrika, waarvan sommige van 'n ekonomiese en ander van „nie-/

en ander van „nie-ekonomiese" aard is.

'n Belangrike deel van die Indiërgemeenskap is nog ekonomies onontwikkeld in dié sin dat die produktiwiteitstandaarde laag, die voorkoms van werkloosheid en verstoekte werkloosheid groot is en inkomstes gevolglik laag is. Die voortbestaan van hierdie onderontwikkelde groep werk stremmend uit op die ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap as geheel aangesien 'n deel van die beskikbare fondse en menslike kragte van die gemeenskap, wat andersins vir produktiewe doeleindes aangewend sou kon word, vir onderlinge hulpverlening aangewend moet word. Dit kan terloops bygevoeg word dat sodanige hulpverlening grootliks moontlik gemaak word deur die voortbestaan van die gesamentlike familiestelsel, indien nie in die fisiese sin van samewoning nie, dan wel nog tot groot mate in die geestelike.

Pogings van die onderontwikkelde groep om sy eie lewenspeil te verhoog, word gestrem deur die bekende verskynsel van 'n kringloop van onderontwikkeldheid, dit wil sê, dat die lae lewenspeil in homself die elemente dra waardeur dit kronies voortgesit word. 'n Lae gesinsinkomste wat alleenlik genoegsaam is om die noodsaaklike lewensbehoeftes te verkry, maak dit feitlik onmoontlik om later behuising en mediese dienste en 'n hoër onderwyspeil te bereik, terwyl hierdie laasgenoemde faktore op hul beurt die produktiwiteitstandaard laag hou en die beroepskeuse beperk. Hierby bestaan daar 'n neiging tot groter gesinne onder die laer as die hoër inkomstegroepe. Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat die lae ekonomiese status ook van geslag tot geslag oorgedra kan word.

Die Indiërbevolking het reeds groot sukses gehad met die groot mate van selfhelp in sy eie geledere. Waar hierdie aksie, gesteun deur die Staat, tot 'n groot mate gerig was op die verbetering van die onderwyspeil en gesondheidspeil van die gemeenskap wat die aktiwiteit verhoog het, het dit kragtig meegehelp om hierdie kringloop van onderontwikkeldheid te verbreek.

Daar is egter vanselfsprekend alleenlik 'n ekonomiese beloning vir die bereiking van hoër produktiwiteitstandaarde indien daar 'n voldoende vraag na meer produktiewe/

vraag na meer produktiewe produksiefaktore is. En dit is ongelukkig waar dat daar, wat die Indiërs betref, n langdurige tekort in die vraag op die arbeidsmark was, wat gelei het tot n kroniese werkloosheidsprobleem. So byvoorbeeld, was 21.5% van die ekonomies-bedrywige Indiërs in Suid-Afrika ten tye van die 1960-sensus werkloos. Die werkloosheidsprobleem is ook aktueel onder die Kleurlinge, hoewel tot n mindere mate as onder die Indiërs, terwyl dit onder die Blankes feitlik onbenullig is - in 1960 was die werkloosheidsyfer onder Kleurlinge 16.3% en onder Blankes 3.6%. Die werkloosheid onder Indiërs is hoër in Natal as in die ander provinsies en in die Durban-Pinetown-gebied was die syfer so hoog soos 24.6% van die werkende bevolking. Alhoewel dit tans laer sal wees as gevolg van die algemene oplewing in die landsekonomie sedert 1961, is dit op grond van ander studies, soos n onlangse opname deur die Universiteit van Natal, moontlik dat tot een-vyfde van die Indiërs in Durban wat begerig is om te werk, steeds nie werk kan vind nie.

Hierdie hoë werkloosheidsyfers verteenwoordig, uit nasionaal-ekonomiese oogpunt, n vermorsing van kosbare mannekrag. Maar dit het ook ander implikasies. Die maatskaplike gevolge daarvan, soos honger-snood, woningsnood, swak gesondheid en jeugmisdaad, is oorbekend. n Ander gevolg, waarvan die belangrikheid waarskynlik nie altyd genoeg-saam besef word nie, is die frustrasie wat so n kroniese situasie op-lewer, wat die individu kan dryf tot n positiewe verset teen n sosiale orde waarin buitengewoon hoë werkloosheid oogluikend toegelaat word. So n groot werkloosheid beïnvloed ook die res van die gemeenskap; die relatiewe oorvloed werksoekers verskerp die kompetisie tussen die werk-nemers onderling op die arbeidsmark en versterk die afdingingsvermoë van die werkgewers, sodat die arbeidsmark onvolmaak ten gunste van die werkgewer word. Daar is bewyse dat werkgewers hierdeur aangemoedig word om onrealistiese eise aan werknemers te stel en ook lone en sala-risse omlaag te hou.

Ekonomiese, maatskaplike, staatkundige en morele regverdiging is dus te vinde vir doelgerigte stappe om die vraagstuk van werkloosheid

te verminder. Die /

te verminder. Die enigste bevredigende oplossing sal skynbaar deur omvangryke gesentraliseerde beplanning opgelewer word.

Die lae produktiwiteitstandaarde en groot voorkoms van werkloosheid kan gedeeltelik gesien word as n uitvloeisel van die tradisionele staatkundige en sosiale bedeling in Suid-Afrika. In hierdie bedeling was dit vir die politieke magsbesittende Blanke groep moontlik om beperkings ten opsigte van die Indiërs, wat nie effektief genoeg deur middel van sosiale kaste ingestel en behou kon word nie, deur middel van wetgewing te versterk en in stand te hou. Hiervoor was daar ekonomiese en nie-ekonomiese redes, waarop nie hier ingegaan word nie. Die belangrikste ekonomiese implikasies hiervan moet egter genoem word.

Die invloed wat die sosiale bedeling op die hoë voorkoms van werkloosheid gehad het, kan eerstens geformuleer word. Hoewel dit n aanvaarde beginsel is dat die moderne staat verantwoordelik is vir die skepping van toestande waaronder die volle indiensneming van die landsburgers verseker kan word, is daar tradisioneel nie aandag gegee aan die Indiërs se indiensneming as sulks nie. Waar n werkloosheidspeil van 2 - 3% gewoonlik as normaal beskou word, is nie positief gestreef om werkloosheid tot so n peil by die Indiërs te beperk nie. Werkloosheid onder Indiërs is dan natuurlik in die statistieke oor die landsekonomie verbloem deur die feit dat Indiërs net 2% van die totale werkende bevolking van die land vorm en dus nie die totale beeld van werkloosheid in die land noemenswaardig kan beïnvloed en so aandag trek nie.

Dieselfde beeld van doelbewuste of toevallige verwaarlosing verskyn wil n analise van die oorsake van die lae produktiwiteitstandaarde. Hoewel die staat sedert die Kaapstad-konferensie n grootskaalse bydrae tot die daarstelling van onderwysgeriewe vir Indiërs gelewer het, was daar nooit sprake van n enigsins omvattende algemene opheffingsplan, soos wat byvoorbeeld in die geval van die Blankes aangepak is nie.

Benewens die implikasies van die negatiewe benadering kan enkele van die implikasies van positiewe beperkende maatregels kortliks genoem word. Die Indiër-entrepreneur is in die posisie dat hy minder vryheid van ondernemingsaksie het en minder vertroue in die sekuriteit van sy

beleggings kan hê as/

beleggings kan hê as n buitelandse belegger in Suid-Afrika. Die belangrikste fisiese beperkings is dié op interprovinsiale migrasie en op die verkryging of behoud van vaste eiendom vir residensiële en besigheidsdoeleindes wat nie in die Indiërgroepsgebiede of ander spesiale goedgekeurde gebiede is nie. Sy ondernemersaktiwiteit word ook aansienlik beperk deur die gebrek aan vertroue in die veiligheid van sy bestaande of potensiële beleggings - in die verlede vanweë die gevoel dat hy nie as permanente inwoner van die land aanvaar word nie en vandag omdat hy, ten regte of ten onregte, nog nie seker is dat sy belange deur die politieke magsbesitters op die hart gedra word nie, vanweë beperkings en gerugte van toekomstige beperkings as gevolg van die skepping van groepsgebiede, asook die gewildheid van uitsprake by politici oor die noodsaaklikheid van n alternatiewe kanalisering van ondernemersaktiwiteite en veral die beperking van die handelsaktiwiteite van Indiërs.

Indien na die posisie van die werknemer gekyk word, word ook gesien hoe die Indiër beperk word deur die feit dat daar sosiale beperkings op hul indiensneming in sekere beroepe of geskooldheidsklasse is. Die suiwer wetlike kleurskeidslyn, in die vorm van werkafbakening, het tot dusver egter vir die Indiërs betreklik min gerank (in teenstelling met wat lede van die gemeenskap wel beweer) en die netto effek van die determinasies was nagenoeg neutraal ten opsigte van die indiensnemingsposisie as geheel.

Op die basis van die voorafgaande opmerkings kan iets oor die toekomstige ekonomiese ontwikkeling van die Indiërgemeenskap toegevoeg word. Oor die beoogde toekomstige staatkundige en sosiale bedeling in Suid-Afrika en die plek van die Indiër daarin, hoef nie hier bespiegel te word nie, maar daar hoef alleen gewys te word op die klimaat waarin die Indiërgemeenskap n optimum ontwikkelingspeil kan bereik.

Kortliks gestel, met een voorbehoud, lê dit opgesluit in die ter-sydestelling van al die faktore wat direk en indirek verantwoordelik is vir die voortbestaan van ekonomiese diskriminasie teenoor die Indiër. Want in vrye volkshuishouding, waar die individu die beplanner en skepper van die ekonomiese welvaart is, is daar geen alternatiewe wyse

waarop dieselfde/

waarop dieselfde peil van welvaart, soos gemeet aan indiensneming, produksie inkomstes en verbruik, bereik kan word as wat die geval is indien almal dieselfde regte het en aan dieselfde beperkings onderhewig is nie, behalwe as daar bewys kan word dat n uitsondering op die reël ekonomies gerogverdig is deurdat die grenskoste van so n gelykmaking hoër is as die addisionele waarde daarvan vir die landsekonomie as geheel.

Dit moet natuurlik aanvaar word dat daar vir die staatsman nieekonomiese waardes is wat in sekere gevalle as van groter belang as die botsende ekonomiese waardes beskou word, as gevolg waarvan die politieke, sosiale en ekonomiese vryhede van sekere groepe of individue ingekort word. Die mikpunt behoort egter te bly om sulke ongelykhede mettertyd te verwyder. Daar is reeds in dié rigting gevorder met die aanvaarding van die Indiërs as permanente inwoners van Suid-Afrika. Hierdie blote aanvaarding, tesame met stappe wat daarop gevolg het, het reeds hul ekonomiese posisie gunstig beïnvloed en n sekere mate van frustrasie uitgeskakel, alhoewel die aanvaarding nie die ekonomiese disabiliteite van die Indiërs verwyder het nie.

Die beplanning en uitvoering van n beleid ten opsigte van die Indiërs waardeur die tans bestaande politieke, sosiale en ekonomiese diskriminasie beëindig sal word - en daar is geen bevredigende alternatiewe moontlik nie - sal met die volle samewerking en instemming van die Indiërs geskied indien dit die grootste hoop op sukses wil hê. So nie, kan dit maklik self diskriminerend wees en dus geen oplossing nie. Dit lyk waarskynlik dat sekere aspekte van die probleem van ekonomiese diskriminasie n onderdeel - en soms onderskikte onderdeel - sal bly van die hele gekompliseerde probleem van n diskriminasielose samelewing tussen die Blankes en Indiërs - en die ander bevolkingsgroepe - op alle lewensterreine, en dus eers opgelos sal word wanneer en as so n omvattende oplossing bereik word.